**BETAALBARE GELDE EN FINANSIËLE REËLS 2024**
**INHOUDSOPGAWE**


| | | | |
|---|---|---|---|
| **1** | **ALGEMENE BEPALINGS** | | **BLADSY** |
| | 1.1 | Wysiging van betaalbare gelde | 2 |
| | 1.2 | Studentenommer | 2 |
| | 1.3 | Kontrak- en finansiële aanspreeklikheid | 2 |
| | 1.4 | Verantwoordelikheid van 'n student en/of rekeningpligtige | 3 |
| | 1.5 | Amptelike adresse | 3 |
| | 1.6 | Vrywaring | 4 |
| **2** | **BETAALMETODES** | | 4 |
| **3** | **BEDRAE BETAALBAAR** | | |
| | 3.1 | Registrasiegeld | 4 |
| | 3.2 | Klasgeld | 4 en 5 |
| **4** | **BETAALBARE GELDE** | | 5 en 6 |
| **5** | **BETALINGSVEREISTES** | | |
| | 5.1 | Betaling datums | 6 |
| | 5.2 | Beursstudente en studies gefinansier deur lenings | 6 |
| | 5.3 | Alternatiewe betaling metode | 6 |
| | 5.4 | Studente gelde rekening | 6 |
| | 5.5 | Tweede semester registrasie | 6 |
| | 5.6 | Vroeë vereffeningskorting | 7 |
| **6** | **KREDIETBALANSE** | | 7 |
| **7** | **GELDE BETAALBAAR IN GEVAL VAN KANSELLASIE/TERMINERING VAN STUDIES** | | 7 en 8 |
| **8** | **AGTERSTALLIGE GELDE** | | |
| | 8.1 | Algemene reëlings | 8 |
| | 8.2 | Remedies tot Aros se beskikking | 9 |
| **9** | **FINANSIËLE STEUN** | | |
| | 9.1 | Akademiese merietebeurse | 9 |
| | 9.2 | Leierskap- en kuns en kultuur beurse | 10 |
| | 9.3 | Sport beurse | 10 |
| | 9.4 | Beurse vir fisiese gestremdheid | 10 |
| | 9.4 | Wees- en pleeg beurse | 10 |
| | 9.5 | Gesin beurse | 10 en 11 |
| | 9.6 | Toekenningsproses | 11 |


## 1. ALGEMENE BEPALINGS

### 1.1 Wysiging van betaalbare gelde

Die Senaat van Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies (Aros) behou die reg voor om, sonder kennisgewing, die vasgestelde klas- en ander gelde, asook die wyse waarop betaling moet geskied, te wysig.

### 1.2 Studentenommer

Elke toegelate student tot Aros ontvang ŉ studentenommer en hierdie nommer moet op **alle** korrespondensie wat aan Aros gerig word, verskyn.

Hierdie studentenommer (8-syfers) is ook die verwysing wat gebruik moet word wanneer direkte of elektroniese bank oorplasings in Aros se bankrekening vir betaling van ŉ student se rekening gedoen word.

### 1.3 Kontrak en finansiële aanspreeklikheid

Alle studente moet jaarliks geregistreer wees soos bepaal in die algemene akademiese reëls van Aros en die toepaslike bepalings van die Wet op Hoër Onderwys en alle studente wat sodanig geregistreer is, is aanspreeklik vir die volle klas- en ander gelde.

Die kontrak wat deel vorm van die aansoekvorm om toelating tot Aros wat deur die student en die rekeningpligtige onderteken is asook die daaropvolgende registrasiedokumente wat onderteken en ingehandig word, verbind die student en die rekeningpligtige, onder andere, tot betaling van die volle klas- en ander gelde soos deur Aros vir enige bepaalde jaar van registrasie vasgestel.

Die student en die rekeningpligtige se aanspreeklikheid vir die betaling van studie- en ander gelde word nie geraak of verminder deur die student en die rekeningpligtige se onkunde ten opsigte van die inhoud van hierdie dokument nie. Die bepalings van hierdie dokument word, wanneer die voormelde registrasiedokument onderteken en ingehandig word, deur middel van verwysing by die kontrak tussen Aros en die student en die rekeningpligtige geïnkorporeer.

Die student verleen verder ook toestemming dat sy persoonlike finansiële inligting, op versoek aan derde partye, deur Aros aan sodanige derde partye verskaf mag word. Derde partye beteken die student se ouers , beurs gewers en finansiële instellings. Die betrokke derde party moet bewys lewer van sy/haar/hulle belang by die gevraagde inligting waarna Aros sal oordeel of die betrokke derde party op die inligting geregtig is. Die toestemming wat die student gee waarna hierbo verwys word, word kragtens die voorskrifte vervat in die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013, gegee. Die student kan hierdie toestemming te eniger tyd met skriftelike kennisgewing aan die Bestuurder: Finansies terugtrek by die adres soos onder klousule 1.5 hieronder.

Enige bedrag wat aan Aros van tyd tot tyd deur die student en die rekeningpligtige verskuldig en betaalbaar is ooreenkomstig Aros se finansiële reglement soos gepubliseer in die brosjure getiteld “Betaalbare Gelde en Finansiële Reëls”, sal vasgestel en bewys word deur middel van ŉ rekeningstaat uitgereik en onderteken deur ŉ gemagtigde amptenaar van Aros. So ŉ rekeningstaat sal bindend wees op die student en die rekeningpligtige en sal dien as *prima facie*-bewys van die aanspreeklikheid van die student en die rekeningpligtige asook die omvang van die bedrag verskuldig deur die student en die rekeningpligtige aan Aros.
Hierdie sertifikaat sal ook dien as *prima-facie*-bewys van die student en die rekeningpligtige se aanspreeklikheid en omvang van die bedrag aan Aros verskuldig vir doeleindes van die verkryging van summiere vonnis, indien nodig.

<u>**Geen student sal toegelaat word om te registreer alvorens die vorige jaar of jare se finansiële verpligtinge teenoor Aros nie nagekom is nie.**</u> Indien ŉ student en/of die rekeningpligtige onder skuld berading geplaas is, mag geen krediet van enige aard aan die student en/of die rekeningpligtige toegestaan word nie tot tyd en wyl die skuld berader bevestig het dat alle uitstaande skuld ooreenkomstig die hofbevel, vereffen is nie.

## 1.4 Verantwoordelikheid van 'n student en/of die rekeningpligtige

**Die verantwoordelikheid vir die betaling van die klas- en ander gelde berus by die student en/of die rekeningpligtige, na gelang van die geval.** Indien die student se studies deur 'n beurs of lening gefinansier word, moet die rekening onverwyld aan die beurs- of lening gewer vir betaling voorgelê word. **Aros is nie verantwoordelik daarvoor om rekeninge aan die beurs- of lening gewer te stuur nie en dit bly die student en/of die rekeningpligtige se verantwoordelikheid om toe te sien dat die beurs- of lening gewer die nodige betalings aan Aros maak.**

Aros aanvaar geen verantwoordelikheid vir foutiewe adresse, e-posadresse of ontoereikende posdienste wat tot gevolg het dat rekeningstate wat versend word, verlore raak of nie afgelewer word nie.

Adres- en/of e-pos adres veranderinge moet skriftelik per e-pos gedoen word by admin@aros.ac.za of persoonlik by Administrasie se kantoor in die Amandel gebou.

Rekening- en e-posadresse word ook op alle aansoekvorms vasgelê en tydens registrasie bevestig.

**Die feit dat 'n rekeningstaat nie ontvang is nie, word nie as verskoning aanvaar vir die versuim om Aros se gelde te betaal teen die betaalbare datums nie.**

## 1.5 Amptelike adresse

Alle korrespondensie in verband met finansiële aangeleenthede moet gerig word aan:

Die Bestuurder: Finansies
Aros
1037 Besembiesieweg
MONTANAPARK
0157

Navrae oor studenterekeninge en/of kwotasies vir studiegelde kan soos volg gerig word aan Afdeling: Finansies:

1.5.1 Persoonlik op kampus
1.5.2 Telefonies by 012 332 3227 (uitbreiding 1122 of 1179)
1.5.3 Per e-pos aan lukas.hurn@aros.ac.za / rekeninge@aros.ac.za / marissa.bakker@aros.ac.za

Hierdie dokument is ook beskikbaar by die volgende webadres: www.aros.ac.za asook op die Studente portaal.

## 1.6 Vrywaring

Hierdie is die enigste en amptelike dokument ten opsigte van betaalbare gelde van Aros en alhoewel daar in die voorafgaande jaar verskeie prospektusse met betrekking tot betaalbare bedrae uitgereik is, sal die bedrae in hierdie dokument gebruik word om studenterekeninge saam te stel.

Alle gelde wat in hierdie dokument verskyn, word jaarliks aangepas en hoewel die inligting wat in hierdie dokument verskyn so noukeurig moontlik saamgestel is, aanvaar die Direksie en Bestuur geen verantwoordelikheid vir foutiewe inligting wat hierin mag voorkom nie.

## 2. BETAALMETODES

Die volgende betaling opsies is beskikbaar:

2.1 Kontant
2.2 Direkte bank oorplasings
2.3 Elektroniese oorplasings deur die internet
2.4 Krediet-/debiet kaarte (Afdeling: Finansies op kampus)

Vir direkte bank oorplasings en elektroniese oorplasings deur die internet geld die volgende bankbesonderhede:

| | |
|---|---|
| Naam: Aros | Naam: Aros |
| Bank: Absa | Bank: Standard Bank |
| Rekeningnommer: 407-653-0257 (tjek) | Rekeningnommer: 042-535-212 (tjek) |
| Takkode: 632005 | Takkode: 051001 |
| Verwysing: Student se studentenommer | Verwysing: Student se studentenommer |

## 3. BEDRAE BETAALBAAR

### 3.1 Registrasiegelde

Registrasiegelde wat wissel tussen R 1 000 en R 3 500 is betaalbaar voor of op die dag van registrasie, welke bedrag deel vorm van die klasgelde.
**Geen student sal toegelaat word om te registreer indien die registrasiegelde nie ten volle betaal is nie.**

### 3.2 Klasgeld

Klasgeld word bereken teen ʼn tarief per module waarvoor die student registreer.

Alle studente wat kwalifiseer vir die neem van bykomende modules asook studente wat besig is met die inhaal van hulle studies kan, bo en behalwe die voorgeskrewe modules in die kurrikulum, met toestemming vanaf die Registrateur sodanige bykomende- en/of sleep modules neem en betaal die normale tariewe wat vir sodanige modules gehef word.

Daar word van studente verwag om die graadkursus binne vier (4) jaar te voltooi. Hoër Sertifikaat studente moet die kursus binne een (1) jaar voltooi. ‘n Student sal toegelaat word om twee (2) jaar by te las tot die normale studietydperk teen betaling van geen ekstra vergoeding. Indien hierdie tydperk verder verleng moet word, sal ‘n 30% “laat blyer” heffing per module gehef word.

## 4. BETAALBARE GELDE

| Beskrywing | Bedrag | |
|---|---|---|
| Universities South Africa (USAf) aansoekgelde – Betaalbaar deur alle studente wat graad 12 geslaag het, maar nie vir graadstudies kwalifiseer nie. Aansoek moet by USAf gedoen word dat die student wel met graadstudies kan voortgaan onderhewig aan sekere voorwaardes* | Werklike koste soos deur USAf bepaal | |
| Heruitreik van verlore USAf-sertifikaat | Studente wat daarvoor aansoek doen | Werklike koste soos deur USAf bepaal |

*Kosteverhaling

| Beskrywing | Program | Bedrag |
|---|---|---|
| Nie-terugbetaalbare aansoekgelde is betaalbaar deur alle studente wat vir die eerste keer aansoek doen om aan Aros te studeer of na ’n onderbreking van studies aansoek doen om hertoelating tot Aros. | Alle programme | R 250 |
| Registrasiegelde (eerste deposito) betaalbaar deur alle studente wat vir volle akademiese jaar registreer (registrasiegelde vorm deel van die klasgelde) | Alle programme | R 3 500 |
| Registrasiegelde (eerste deposito) betaalbaar deur studente wat vir 3 modules of minder registreer (registrasiegelde vorm deel van die klasgelde) | Alle programme | R 1 000 |
| Registrasiegelde (eerste deposito) betaalbaar deur studente wat slegs vir die 2de semester registreer (registrasiegelde vorm deel van die klasgelde) | Alle programme | R 1 750 |
| Heruitreik van ‘n kwalifikasie sertifikaat. Aansoek moet skriftelik gedoen word. ’n Beëdigde verklaring, afgelê voor ’n kommissaris van ede, tot die effek dat die oorspronklike vernietig is of verlore geraak het, moet die aansoek vergesel. | Aros graduandi | R200 |
| Studente wat nie die gradeplegtigheid bywoon nie. Koerier koste verbonde aan versending van kwalifikasie sertifikaat . | Aros graduandi | Werklike koerier koste |
| Hereksamen / Senaatseksamen gelde<br>(nie siekte-eksamen nie) | Kwalifiserende studente | R 200 per vraestel |
| Hermerk van vraestel – Indien dit uit die hermerk blyk dat ’n administratiewe fout begaan is, sal die gelde terugbetaal word | Studente wat daarvoor aansoek doen | R 500 per vraestel |
| Module-erkenning gelde – Studente kan op die voorgeskrewe vorm aansoek doen vir module-erkennings | Studente wat daarvoor aansoek doen | R200 |
| Studente wat nie opdaag vir geskeduleerde praktiese assessering nie (kritles) | Alle studente wat nie opdaag nie | R300 |
| Herkrit-eksamengeleentheid | Kwalifiserende studente | R 200 per keer |
| Erkenning van Vorige Leer (EVL) aansoekgelde | Studente wat daarvoor aansoek doen | R450 (R560 vir buitelandse aansoekers) |
| Erkenning van Vorige Leer (EVL) assessering fooi | Studente wat as geskikte EVL kandidate geag word | R2500 |

## 5. BETALINGSVEREISTES

### 5.1 Betaling datums

#### 5.1.1 Klasgelde

| Datum | Persentasie klasgeld betaalbaar |
|---|---|
| 30 April | Minstens 25% van berekende klasgelde |
| 30 Junie | Minstens 50% van berekende klasgelde |
| 31 Augustus | Minstens 75% van berekende klasgelde |
| 31 Oktober | 100% van berekende klasgelde |

#### 5.1.2 Ander gelde

Alle ander gelde wat op die studente gelde rekening gehef mag word, is betaalbaar binne 30 dae na datum van fakturering daarvan.

### 5.2 Beursstudente en studies gefinansier deur lenings

Indien ŉ student se studies deur middel van ŉ beurs en/of ŉ lening gefinansier word, moet skriftelike bewys daarvan jaarliks tydens registrasie aan Finansies voorgelê word. Geen rekeningstate word direk aan die beurs gewers of instansie by wie ŉ lening aangegaan is, gestuur nie.

### 5.3 Alternatiewe betaling metode

Aros bied die alternatief dat klasgelde in maksimum 10 maandelikse paaiemente vanaf einde Januarie tot einde Oktober afbetaal kan word. Die maandelikse paaiement behoort so bereken te word dat die persentasie betaling in die tabel hierbo onder klousule 5.1.1, steeds bereik word. ŉ Skriftelike versoek om die klasgeld maandeliks te betaal moet by Finansies ingehandig word.

### 5.4 Studente gelde rekening

Teen einde Februarie word ŉ volledige studente gelde rekening vir die akademiese jaar aan die student en/of die rekeningpligtige gestuur, afhangende van die voorkeur metode van versending soos dit aangedui is in die aansoekvorm om toelating. Rekeningstate begin op die eerste van die maand en eindig altyd op die laaste dag van die maand. Betalings na maandeinde sal eers op die volgende rekeningstaat verskyn.

### 5.5 Tweede semester registrasie

Voorgraadse studente wat slegs vir tweede semester modules wil registreer, moet voor of op 31 Julie registreer. Registrasiegelde, soos onder klousule 4 hierbo, is betaalbaar met registrasie en die klasgeld is betaalbaar in twee (2) paaiemente, synde minstens 50% van klasgeld voor of op 31 Augustus en die balans van die klasgeld voor of op 31 Oktober.

### 5.6 Vroeë vereffeningskorting

Vroeë vereffeningskorting kan ooreenkomstig die tabel hieronder toegestaan word:

| Datum van volle vereffening van klasgelde | Vroeë vereffening korting |
|---|---|
| Voor of op einde Februarie | 5% van berekende klasgelde |
| Na einde Februarie en voor 30 April | 5% op 75% van berekende klasgelde |
| Na 30 April en voor 30 Junie | 5% op 50% van berekende klasgelde |
| Na 30 Junie en voor 31 Augustus | 5% op 25% van berekende klasgelde |

Die volgende voorwaardes geld ten einde te kwalifiseer vir vroeë vereffeningskorting:

5.6.1 Die klasgeld moet ten volle vereffen wees om te kwalifiseer;
5.6.2 Kort betalings vir self berekende korting sal in ag geneem word, maar foutiewe berekenings mag lei tot diskwalifikasie vir korting;
5.6.3 Geen toekomstige betalings (beurse en/of lenings) sal in ag geneem word nie;
5.6.4 Korting is slegs van toepassing op die huidige jaar se klasgeld en is nie terugwerkend nie.

## 6. KREDIETBALANSE

6.1. Wanneer daar ŉ krediet op ŉ rekening ontstaan, kan daar op die voorgeskrewe vorm, wat by Afdeling: Finansies bekom kan word, aansoek gedoen word dat die kredietbedrag uitbetaal word met ŉ elektroniese bank oorplasing. Geen krediet sal in kontant uitbetaal word en geen uitbetaling kan na kredietkaartrekeninge gemaak word nie.

6.2 Waar kredietbedrae ontstaan weens betalings van beurse van buite Aros, sal die kredietbedrae slegs na voorlegging van die betrokke beurs kontrak en skriftelike goedkeuring vanaf die beurs gewer gemaak word.

## 7. GELDE BETAALBAAR IN GEVAL VAN KANSELLASIE/TERMINERING VAN STUDIES (STAKING VAN STUDIES)

Indien ŉ student sy/haar studies geheel en al staak en/of sekere modules staak moet hy/sy die Registrateur **skriftelik** in kennis stel van sodanige besluit.

Studiegeld is soos volg betaalbaar indien ŉ student sy/haar studies geheel en al staak en/of sekere modules staak. Dieselfde beginsel word toegepas waar Aros die student weens bepaalde redes skors of sy/haar studies termineer as gevolg van swak akademiese vordering en nie-betaling van die voorgeskrewe klasgelde:

| Staak- of datum van terminering van studies | Enkele module(s) | Alle module(s) |
|---|---|---|
| Na amptelike registrasie as student, maar voor aanvang van akademiese week 1 | Geen bedrag betaalbaar | Agterstalliges,indien enige, plus 30% van eerste deposito |
| Na aanvang van akademiese week 1 en voor 30 April | 25% van koste van module(s) | Agterstalliges,indien enige, pro-rata klasgelde tot datum van staking plus 5% van 75% van klasgelde |
| Na 30 April en voor 30 Junie | 50% van koste van module(s) | Agterstalliges,indien enige, pro-rata klasgelde tot datum van staking plus 5% van 50% van klasgelde |

| | | |
|---|---|---|
| Na 30 Junie en voor 31 Augustus | 75% van koste van module(s) | Agterstalliges,indien enige, pro-rata klasgelde tot datum van staking plus 5% van 25% van klasgelde |
| Na 31 Augustus | 100% van koste van module(s) | Agterstalliges,indien enige, plus balans klasgelde verskuldig |

Die betaalbare gelde bereken ooreenkomstig die tabel hierbo, moet onmiddellik vereffen word. ʼn Student wat Aros verlaat sonder om sy/haar studente geld rekening ten volle te vereffen, is aanspreeklik vir betaling van enkelvoudige rente teen ‘n rentekoers gelykstaande aan twee persentasiepunte minder as die heersende prima uitleenkoers van Absa op die uitstaande bedrag, bereken vanaf die datum waarop hy/sy Aros verlaat het.

## 8. AGTERSTALLIGE GELDE

### 8.1 Algemene reëlings

Indien enige gelde op 31 Oktober onbetaald is, ongeag daarvan dat skriftelike betalingsreëlings met Finansies getref is, sal die uitstaande saldo rentedraend wees teen ‘n rentekoers gelykstaande aan twee persentasiepunte minder as die heersende prima uitleenkoers van ABSA.

### 8.2 Remedies tot Aros se beskikking

Indien die gelde nie op die vasgestelde tye of op die tye soos andersins gereël, betaal is nie, kan Aros een of meer van die volgende maatreëls toepas:

8.2.1 Eksamenuitslae sal nie bekend gemaak word nie;
8.2.2 Geen akademiese rekords en/of gedrag sertifikate sal uitgereik word nie;
8.2.3 Student sal nie toegelaat word om vir die volgende studiejaar te registreer nie;
8.2.4 Diploma- of graadsertifikate sal nie uitgereik word, maar deur Aros in veilige bewaring gehou word;
8.2.5 Student sal nie toegelaat word om sy/haar studies voort te sit nie (studies sal getermineer word);
8.2.6 Oorhandiging van rekening aan Aros se invorderaars of prokureurs vir invordering van die verskuldigde bedrag in welke geval die student en/of rekeningpligtige ook aanspreeklik sal wees vir rente en regskoste op prokureur- en eie kliënte skaal.

Die student en/of rekeningpligtige stem toe tot die jurisdiksie van die Landdroshof indien Aros wel ʼn aksie teen die student en/of rekeningpligtige wil instel, maar dit verhoed Aros nie om steeds ʼn aksie of aansoek in die Hooggeregshof in te stel, indien Aros dit so sou verkies nie.

**Alle rekenings aan Aros se invorderaars of prokureurs oorhandig vir invordering kan slegs by die invorderaar of prokureur betaal word. Aros ontvang geen geld ten opsigte van rekenings wat vir invordering aan die prokureurs oorhandig is nie.**

## 9. FINANSIëLE STEUN

### 9.1 Akademiese merietebeurse (Akademiese merietebeurse is nie van toepassing op studente wat nagraadse kurrikulums volg nie.)

9.1.1 Nuweling akademiese merietebeurse

Hierdie beurse word outomaties toegeken aan alle eerstejaarstudente wat:

(a) graad 12 in die voorafgaande jaar geslaag het of na graad 12 vir die eerste keer by Aros vir ‘n voorgraadse kwalifikasie registreer en

(b) ’n rekeningkundige gemiddeld van 80% of hoër gedurende die graad 12-eindeksamen behaal het. Die rekeningkundige gemiddeld word bereken deur die persentasies van al die vakke bymekaar te tel en die totaal deur die aantal vakke te deel. Geen punte word afgerond nie. Die waarde van die beurs word soos volg aangedui:

| Student se berekende gemiddeld % | Merietebeurs |
|---|---|
| 80-84% | 12,5% van klasgeld |
| 85-89% | 25% van klasgeld |
| 90-100% | 37,5% van klasgeld |

Verbeterde punte na die hermerk van ’n eksamenvraestel, sal in aanmerking geneem word mits dit teen 30 April by Finansies (Besembosgebou) ingehandig word. Merietebeurse word jaarliks op 30 April gefinaliseer en die onus rus op die student om die gewysigde NSS in te handig. Enige verhoging van die aanvanklike toekenning as gevolg van die hermerk sal slegs in ag geneem word na ontvangs van die aangepaste punte.

9.1.2 Senior akademiese merietebeurs

9.1.2.1 Akademiese merietebeurse word outomaties aan senior studente (tweede-, derde- en vierdejaars) toegeken wat geregistreer is en wat alle verpligte modules (addisionele modules uitgesluit) van die voorafgaande jaar geslaag het en ’n gemiddeld van 75% en hoër behaal het. Honneurs studente wat die BEd graad by Aros verwerf het, kwalifiseer vir die merietebeurs. Geen punte word afgerond nie.

9.1.2.2 Akademiese beurse word jaarliks toegeken op grond van die vorige jaar se prestasie. Geen toekennings word gemaak op grond van individuele onderskeidings nie, slegs op grond van die vorige studiejaar se gemiddeld (alle modules in berekening gebring) soos aangedui in die volgende tabel:

| Program | Gemiddelde % | Merietebeurs |
|---|---|---|
| Alle Programme | 75-79.99% | 12,5% van die berekende klasgeld |
| | 80-84.99% | 25% van die berekende klasgeld |
| | 85-89.99% | 37.5% van die berekende klasgeld |
| | 90-100% | 50% van die berekende klasgeld |

Finalejaarstudente kan nie op grond van akademiese prestasies wat in die finale jaar behaal word, kwalifiseer vir enige verdere merietebeurse nie.

## 9.2 Leierskap-, sport-, kuns- en kultuurbeurse

### 9.2.1 Leierskap

‘n Eenmalige beurstoekennng word aan eerstejaarstudente gemaak wat gedurende hulle hoërskoolloopbaan die ondervoorsitter of voorsitter (onderhoofseun / hoofseun / onderhoofmeisie / hoofmeisie) van die verteenwoordigende studenteraad (of soortgelyke leerlingdiensraad) was. Die student moet aansoek doen vir hierdie beurs en stawende bewys moet die aansoek vergeles. Die waarde van die beurs is R1 000 ten opsigte van ‘n ondervoorsitter en R2 000 ten opsigte van ‘n voorsitter.

#### 9.2.2 Redenaarskompetisie of olimpiade

‘n Eenmalige beurstoekenning word aan eerstejaarstudente gemaak wat gedurende hulle hoërskoolloopbaan die streeks- of nasionale wenner was van enige redenaarskompetisie of olimpiade. Die student moet aansoek doen vir hierdie beurs en stawende bewyse moet die aansoek vergesel. Die waarde van die beurs is R 3 000.

#### 9.2.3 Sportbeurse

Die student moet aansoek doen vir hierdie beurs en stawende bewyse moet die aansoek vergesel. Die waarde van die beurs is soos volg:

| | |
|---|---|
| Prestasie op nasionale vlak (amptelike SA-kleure) | R 3 000 |
| Prestasie op provinsiale vlak | R 2 000 |

Indien die prestasie op beide provinsiale- en nasionale vlak behaal is in ’n spesifieke sportsoort, kan daar nie gekwalifiseer word vir beide toekennings nie en sal die beurs slegs op grond van nasionale prestasie toegeken word.

### 9.3 Beurse vir fisiese gestremdheid

Studente met ’n aangebore of degenererende fisiese gestremdheid kan jaarliks aansoek doen vir hierdie beurs en ontvang 10% korting op die klasgeld. Die beurs is slegs geldig vir die minimum duur van die kwalifikasie waarvoor in die eerste jaar geregistreer is. ‘n Motivering vergesel van ‘n mediese sertifikaat wat nie ouer as drie (3) maande is nie, moet by Finansies (Besembosgebou) ingehandig word.

### 9.4 Wees- en pleegbeurse

Die beurs bied finansiële ondersteuning aan wees- en pleegkinders en beloop maksimum 50% van die klasgeld. Die doodsertifikate van beide ouers, hofbevel vir plasing in pleegsorg of ’n beëdigde verklaring deur die maatskaplike werker moet die aansoek vergesel. Die beurs is slegs geldig vir die minimum duur van die kwalifikasie waarvoor in die eerste jaar geregistreer is. Die student moet jonger as 21 jaar wees wanneer vir die eerste keer as student aan Aros registreer, om te kan kwalifiseer.

### 9.5 Gesinsbeurse

Indien twee (2) of meer lede van dieselfde gesin gelyktydig aan Aros studeer, kan vir die beurs aansoek gedoen word. Die studente moet binne die minimum duur van die kwalifikasie waarvoor in die eerste jaar geregistreer is, wees. Hierdie beurse word in vermindering van die klasgelde aangewend en beloop soos in die volgende tabel uiteengesit:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Twee (2) studente | 12,5% van klasgeld van elke student | Drie (3) studente | 17,5% van die klasgeld van elke student |
| Vier (4) studente | 22,5% van klasgeld van elke student | Vyf (5) studente en meer | 30% van die klasgeld van elke student |

### 9.6 Toekenningsproses

Behalwe vir die beurse wat outomaties deur Aros toegeken word (prestasiebeurse), moet in alle ander gevalle, ‘n e-pos met die nodige stawende dokumente aan marissa.bakker@aros.ac.za of rekeninge@aros.ac.za gestuur word vir oorweging daarvan deur die beurskomitee.

Alle aansoekers sal skriftelik in kennis gestel word van die uitslag van hulle aansoek en indien nie suksesvol nie, rus daar geen verpligting op Aros om redes vir die nie-goedkeuring van die beursaansoek te verstrek nie. Die beslissing van die beurskomitee is finaal.